

9 Augustus - NINEVE

Skrifgedeelte: Jona 3; Matteus 12:38-42

Fokusgedeelte: Matteus 12:41

Die Skrifgeleerdes en Fariseërs na wie daar in vers 38 verwys word, was nie opreg met hulle versoek om 'n wonderteken nie. Hulle het immers al baie tekens gesien. Pas vantevore nog het Jesus Christus 'n man wat in die mag van 'n bese gees was, genees (vs 22).

Wat moes Hy nog meer doen om hulle te oortuig? Die een groot teken wat nog moes plaasvind, was die teken van sy dood en opstanding. Maar selfs dit sou geen verskil aan die harde harte gemaak het nie.

Daarom die ernstige waarskuwing van vers 41: *“Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona.”*

Jona was een van die “kleiner” profete, 'n sondige, ongehoorsame mens wat sy bes probeer het om sy opdrag te ontduik. Sy prediking het uit 'n enkele sin bestaan: *“Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!”* Daar was geen wonderwerke om sy boodskap te bevestig nie. En hy het vir mense uit die heidendom gepreek, vir mense wat nie die godsdienstige agtergrond gehad het wat die Jode gehad het nie. En tog het hulle tot bekering gekom.

Daarteenoor is die volk van God, ook die Skrifgeleerdes en die Fariseërs, herhaaldelik deur Jesus Christus self tot bekering geroep. Hy het geen sonde gehad nie en het met liefde gekom om 'n boodskap van genade en versoening te verkondig. Sy boodskap het met talle wondertekens gepaard gegaan. Hy het vir mense gepreek wat 'n besondere godsdienstige agtergrond gehad het. En tog het hulle nie tot bekering gekom nie.

Wat 'n geweldige aanklag! Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag met reg teen die wêreld getuig, veral teen daardie mense wat ten spyte van 'n besondere godsdienstige agtergrond in ongeloof volhard het. Immers, Een wat groter is as Jona het deur sy Woord en Gees met ons gepraat.

Sing: Psalm 73:12 (1936-beryming)

Ds CJH Breed (Secunda)